

# Word jou graan veilig opgeberg?

**Graanopbergers speel 'n belangrik rol om te verseker bekostigbare stapelvoedsel soos word ná ontvangs veilig by 'n silo opgeberg.**

Voedselsekuriteit bestaan uit drie aspekte. Voedsel moet vir die verbruiker eerstens bekostigbaar wees. Tweedens moet bekostigbare voedsel toeganklik wees. Derdens moet voedsel veilig wees.

Graanopbergers verseker dat die opberging van stapelvoedsel aan die wetlike vereistes van voedselveiligheid voldoen.

Agbiz Grain het in 2022 'n gedragskode gefinaliseer wat deur lede onderskryf word. Gesamentlik berg Agbiz Grain se lede ongeveer 70% van die graan en oliesade op wat jaarliks in Suid-Afrika gelewer word.

Die lede wat die gedragskode onderskryf, is Afgri, Senwes, NWK, VKB, OVK, Overberg Agri, Silostrat, GWK, Kaap Agri, BKB Grainco, SSK en TWK Agri.

'n Gedragskode verduidelik hoe opbergers hul aktiwiteite om voedselveiligheid te verseker bestuur en rig. Die gedragskode van Agbiz Grain sal voortaan deel wees van opbergingsooreenkomste tussen Agbiz Grain se lede en hul kliënte.

## DIE OPBERGINGS-OOREENKOMS

Kliente sluit enigeen in wat graan en oliesade kommersieel by 'n opberger opberg. Kliënte van 'n opberger is nie net beperk tot produsente nie, maar kan handelaars, meulenaars en veevoervervaardigers insluit.

## VERKLARING DEUR KLIËNT

Die kliënt verklaar dat hy die vereiste rekords gehou het en dat die produk wat die kliënt by die opberger opberg, wetlik voldoen aan die voorwaardes vir die gebruik en toediening van chemiese produkte. Die kliënt verklaar dat die besoedeling van die produk in opberging voorkom is en dat hy/sy bewus is van en voldoen aan enige bykomende wetgewing wat op hom/haar van toepassing kan wees.

Deur die opbergingskontrak te onderteken en/of hom aan die oesreëls van die opberger te onderwerp, verklaar die kliënt dat:

- Die graan in opberging in streng nakoming van Wet 36 van 1947 geproduseer is; en dat
- Die kliënt gebonde is aan die Agbiz Graan Food Safety Conduct.

## MINIMUM RESIDUVLAKKE

Die opbergingsooreenkoms vereis nie dat die opgebergde graan vir die teenwoordigheid van residue getoets is nie.

Die toets van minimum residuvlakke hou verband met die onkruid-, insek- en swamdoders wat in die produksie van die graan gebruik word, of die teenwoordigheid van mikotoksiene.

## DISKRIMINASIE TEEN LEWERINGS

'n Opberger kan nie weier dat 'n kliënt wat 'n opbergingsooreenkoms aangaan en onderteken, sy graan vir opberging lewer as hy nie ook 'n verklaring dat sy graan aan Wet 36 van 1947 voldoen, indien nie. 'n Weiering om lewering te aanvaar kan in stryd met die Wet op Mededinging (Wet 89 van 1998) wees omdat daar onregmatig teen kliënte gediskrimineer kan word.

'n Produsenteverklaring tydens lewering is 'n vrywillige vereiste wat die bedryf kan versoek, maar is nie wetlik afdwingbaar nie.

Daar is geen regsentiteit met 'n bestaande vereiste van aanspreeklikheid wat die lewering van graan vir opberging kan weier nie. Dit sluit voorraad vir lewering op 'n JSE-kontrak in.

## VOEDSEL- EN VEEVOERVEILIGHEID

Opbergers wat die gedragskode van Agbiz Grain onderskryf, verklaar dat opbergers aan die volgende Suid-Afrikaanse wetgewing wat met voedselveiligheid verband hou, voldoen:

- Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990);
- Wet op Voedsel, Skoonmaak- en Ontsmettingsmiddels (Wet 54 van 1972); en
- Wet op Gevaarlike Stowwe (Wet 15 van 1973).

Opbergers verklaar verder dat hulle voedsel- en veevoerveiligheid en higiëniese praktyke toepas. Die hantering en opberging van graan en oliesade geskied in 'n veilige en higiëniese omgewing en voldoen aan die nasionale graderingsregulasies.

## VOEDSELHIGIËNE EN STANDAARDE VIR VOEDSELVEILIGHEID

Wat graan en oliesade wat vir die mark bestem is, betref, dien die sertifikaat wat deur die raad vir uitvoer van bederfbare produkte (PPECB) aan opbergers uitgereik word as bevestiging dat die opberger voldoen aan die voedselhigiëne- en voedselveiligheidstandaarde kragtens die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990) soos bepaal onder artikel 4(3)(a)(ii) en gepromulgeer in kennisgewing R707 van 13 Mei 2005.

Die standaard vereis dat alle silo's by die departement van landbou, grondsake en landelike ontwikkeling as voedselbesigheidsoperateurs (VBO's) registreer. Elke silo ontvang 'n FBO-nommer en 'n sertifikaat. Elke geregistreerde onderneming kry 'n unieke FBO-kode en word op 'n driejaarsiklus deur die PPECB geoudit.

Maak seker dat jy as kliënt jou graan en oliesade opberg by 'n opberger wat 'n gedragskode oor voedselveiligheid ondersteun. As jy 'n verbruiker is wat produkte by 'n meulenaar of veevoervervaardiger aanskaf, vra of die verwerkers sy grondstowwe by opbergers verkry wat 'n gedragskode onderskryf wat dit uitspel dat stapelvoedsel veilig en in ooreenstemming met wetlike vereistes opberg word.

Opbergers wat nie oor 'n gedragskode beskik nie, kan nie aan die verbruiker van stapelvoedsel die versekering gee dat opgebergde kommoditeite voldoen aan die streng voedselveiligheidstandaarde wat wetlik voorgeskryf word. **LBW**

BRON: *Agbiz Grain Food Safety Conduct* en *Agbiz Grain Quarterly*